**TOERISME: GRAAD 12** **TYD: 1 UUR 30 MIN**

**KWARTAAL 1 SIKLUSTOETS** **PUNTETELLING: 100**

**INSTRUKSIES**.

- Geen notas mag in die lokaal ingeneem word nie.
- Alle vrae is verpligtend.
- Nommer elke vraag soos wat dit op die vraestel genommer is.
- Trek 'n lyn na elke vraag.
- **LEKKER SKRYF!!**



## AFDELING 1: KORT VRAE

### VRAAG 1

**Vier moontlikhede word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die antwoordstel neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.**

1.1.1 Die mees geskikte toeriste-aktiwiteit wat by die profiel van 'n avontuurtoeris pas: (1)

A. 'n Besoek aan die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein
B. 'n Sonsondergangvaart op die Zambezi
C. Haaihokduik in Gansbaai
D. 'n Stadstoer op die Kaapstadse oopdak-besigtigingsbus

1.1.2 'n Globale gebeurtenis wat twee kategorieë het, naamlik die somer- en winter-kategorie. Elke kategorie vind elke vier jaar plaas en lok duisende toeriste en sportmanne van verskeie sportsoorte (1)

A. Olimpiese Spele
B. Wimbledon Tennis
C. Tour De France
D. FIFA Wêreldbeker

1.1.3 Reisdokumente tydens internasionale reise: (1)

A. Geldige- paspoort, visum, gesondheidsertifikaat, IDP & vliegkaartjies
B. Geldige- paspoort, visum, gesondheidsertifikaat, IDL & vliegkaartjies
C. Geldige- paspoort, visum, gesondheidsertifikaat, ID & vliegkaartjies
D. Geldige- paspoort, visum, gesondheidsertifikaat, UTK & vliegkaartjies

(1)

1.1.4 Die stempel wys toestemming om ’n land te betree, uitgegee deur die …




A. Minister van Toerisme
B. Minister van Buitelandse Sake
C. Die President van die besoekende land
D. Konsulaat van die besoekende land

1.1.5 Kies die regte kombinasie ten opsigte van die positiewe uitwerking van wêreldgebeure en die ekonomie. (1)

A. Baie hoë rentekoerse veroorsaak dat terugbetalings moet geskied sodat die invloed van die rente nie ‘n buitensporige bedrag word nie.
B. Verbeter die status en bewustheid van die gasheerland en verhoog die belangstelling van buitelandse besighede wat moontlike beleggings in die land wil maak.
C. Baie geld word uitgegee met die opgradering van fasiliteite.
D. Inflasiekoerse en rentekoerse wat styg

(1)


1.1.6 Indien ons van _____________ oor die IDL reis sal ons ‘n dag moet bytel


A. Wes na Oos
B. Oos na Wes
C. Noord na Suid
D. Suid na Wes

(1)

1.1.7 Watter een van die volgende is NIE ‘n impak van ’n globale gebeurtenis nie:

A. Verbetering van fasiliteite wat lei tot prysverhogings wat plaaslike mense nie kan bekostig nie.
B. Vervoerinfrastruktuur wat verbeter soos bv. die Gautrain.
C. Vaardigheidsontwikkeling wat lei tot beter diensverskaffing.
D. Minder werksgeleenthede.





(1)

1.1.8 Die ____________ bepaal die tydsone van alle lande ter wêreld:

A. IDP
B. IDL
C. UTK
D. Ewenaar

(1)

1.1.9 Ek sal 'n paspoort benodig indien ek…

A. 'n inter-provinsiale reisiger is.
B. 'n intra-provinsiale reisiger is.
C. 'n plaaslike reisger is.
D. 'n internasionale reisiger is.


(1)

1.1.10 Chad slaag Matriek en ontvang 'n studiebeurs in Brittanje. Hy het nie 'n paspoort nie. Sy onderwyser adviseer hom om so gou as moontlik aansoek vir sy paspoort te doen. Chad sal die volgende benodig:

1. Geld om die fooi te betaal
2. Twee kleur paspoortfoto's
3. Gesondheidsertifikaat
4. Bewys van identiteit

A. 1,4,3
B. 2,4,3
C. 1,2,4
D. 1,2,3

(1)



1.1.11 'n Siekte wat die lewer aantas. Dit versprei deur die inname van gekontamineerde water en voedsel. (1)

A. Hipatitis A
B. Hipatitis B
C. Cholera
D. Bilharzia

1.1.12 'n Toeris sal 'n Schengen-visum benodig indien hy: (1)

A. Na Australië reis.
B. Na Spanje reis.
C. Na die Verenigde State van Amerika reis.
D. Na Rusland reis.

1.1.13 Na aankoms by 'n internasionale lughawe sal toeriste wat die rooi kanaal kies, die volgende in hul besit hê… (1)

A. Vuurwapen en biologiese dinge
B. Een maand se voorskrif medikasie
C. 40 ml parfuum
D. 200 gram pyptabak

1.1.14 Die hoofrede hoekom dit belangrik is om ingeënt te word voor geaffekteerde gebiede besoek word, is om… (1)

A. Gesond te bly
B. Fiks te word
C. Te verhoed dat jy besmet word of ander besmet
D. Langer te lewe



(1)

1.1.15 Kies die kombinasie wat onvoorsiene gebeurtenisse die beste voorstel.

A: Stakings by VUT



C: Covid-19




B: Tsunami in Japan



D: Vermiste Air-Malaysia




A. Kombinasie A en B
B. Kombinasie A en C
C. Kombinasie B, C en D
D. Kombinasie A, B en C

**1.2 Kies die mees gepaste woord wat die verduideliking die beste opsom:**

| |
|---|
| Schengen Visum, reistoelaag, Greenwich, Verklaar, Visum, Ewenaar, ID-Dokument, GESONDHEIDSERTIFIKAAT, groen kanaal, doeane, DWELMS EN GIFSTOWWE, IDP, Rooi Kanaal, IDL, PASPOORT, skeepsramp |


1.2.1 Indien 'n toeris hiervan in sy bagasie het, sal dit ernstige gevolge inhou aangesien dit as verbode / onwettige goedere beskou word. (1)

1.2.2 'n Dokument wat alle toeriste benodig indien hulle binnelands rondreis. (1)

1.2.3 Hierdie lengtelyn bepaal die datum / dag. (1)

1.2.4 Hierdie afdeling beheer die vloei van goedere in en uit 'n land. (1)

1.2.5 'n Toeris volg die roete as hy niks het om te verklaar nie . (1)



**1.3 Bestudeer die volgende prente en kies telkens 'n prent wat die beste by die terme / beskrywings van 1.3.1-1.3.5 pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer. Bv.: 1.3.6 H**

1.3.1 Malaria


A.



(1)

1.3.2 Voorsorgmaatreël vir Cholera

B.




(1)

1.3.3 Voorsorgmaatreël vir UV-bestraling en fotokeratitis

C.



(1)

1.3.4 WHO – World health organization / WGO – Wêreld gesondheidsorganisasie

D.




(1)

1.3.5 Bilharzia

E.



(1)

## AFDELING B: LANGER VRAE

**VRAAG 2 [7]**

**Die Olimpiese Spele is ‘n toerisme gebeurtenis wat elke vier jaar duisende toeriste na ‘n sekere gasheerland lok. Dit hou vele voor- en nadele vir hierdie gasheerland in.**

**Om ‘n Olimpiese Spele aan te bied is ‘n groot finansiële inspuiting vir ‘n land, maar dit verg baie groot uitgawes en beplanning wat vooraf gedoen moet word om van dit ‘n sukses te kan maak.**



**Beantwoord die volgende vrae wat oor internasionale sportgebeurtenisse handel.**

2.1 Noem enige ander TWEE soortgelyke sportgebeurtenisse wat onder dieselfde kategorie val. (2)

2.2 Parys sal baie veranderinge en voorbereidings moet aangaan voordat hul die volgende Somer Olimpiese Spele daar sal kan aanbied. Beskryf enige TWEE positiewe uitwerkings wat hierdie gebeurtenis vir Qatar sal inhou. (2)

2.3 Hou die Olimpiese Spele in gedagte en skep ‘n skematiese voorstelling van die invloed wat dit op Parys se toerismebedryf en ekonomie sal hê in 2024. (3)

**VRAAG 3 [10]**

**Bestudeer die koerantberigte op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat oor onvoorsiene gebeure en politieke situasies handel**

3.1 Identifiseer TWEE politieke situasies uit die berig en dui ook die soort politieke situasie aan. (Jou antwoord moet dus die berig se titel bevat soos dit in die koerant verskyn en daarna skryf jy die soort politieke situasie neer) *Neem kennis dat die koerant fiktief is en dat jy nie nodig het om die kleinskrif te lees nie. (2)

3.2 Jy is ‘n joernalis. Jou baas verwag van jou om stories van regoor die wêreld bymekaar te maak wat oor verskeie onvoorsiene gebeurtenisse handel. Noem TWEE soorte onvoorsiene gebeure wat gepas sal wees om te ondersoek om artikels oor te skryf. (2)

3.3 Na aanleiding van jou antwoord by vraag 2.2, skryf opskrifte van TWEE artikels, wat in die koerant op die volgende bladsy voorkom neer wat ook onder onvoorsiene gebeure geklassifiseer sal word. (2)

3.4 Hierdie gebeurtenisse het ‘n groot uitwerking op die toerismebedryf. Jy was genader om ‘n kort en insiggewende opvolg artikel te skryf vir die koerant se volgende uitgawe. Jou artikel moet fokus op die uitwerking van politieke situasie en onvoorsiene gebeurtenisse op die toerismebedryf.
Fokus ook op die volgende aspekte:
- Moet soos ‘n koerantartikel lyk en uiteengesit word
- Puntsgewys.
- Bevat beskrywende sinne.
- Minstens 4 feite bevat.
- Voorgestel word met ‘n gepaste opskrif soos dit in die koerant sal verskyn. (4)



**VRAAG 4 [12]**

**Toerprogramme en Toerbegroting**

4.1 Identifiseer die term in die volgende advertensie wat vir ‘n toeris ‘n aanduiding sal gee van hoe hul hul begroting sal moet bepaal. Verduidelik ook wat hierdie term beteken. (2)




4.2 **Gaby is besig om ‘n reis te beplan na Zanzibar. Haar hoofrede vir reis is om tyd in die ongerepte natuur van Zanzibar te spandeer. Sy sal dus ‘n eko-toeris wees. Sy sien baie uit na die vakansie veral omdat sy hier ook haar duik-kursus gaan voltooi. Sy besef daar is baie verskuilde onkostes en diverse uitgawes wat sy in haar begroting moet insluit.**

a) Verduidelik vir Gaby wat diverse uitgawes is deur ‘n voorbeelde hiervan te noem en kortliks te verduidelik (2)

b) Noem enige TWEE van die vier toerkomponente wat haar reisprogam sal bepaal. (2)

c) Gee vir Gaby riglyne oor enige TWEE faktore wat sy in ag moet neem tydens die opstel van haar reisplan. (2)



**VRAAG 5 [16]**

**Gesondheid en veiligheid.**





5.1 Die bogenoemde instansie het 'n enorme impak op die reisindustrie. Verduidelik hulle rol en verantwoordelikheid waarop hul veral fokus om die welstand van alle toeriste en mense wêreldwyd te verseker. Staaf jou antwoorde deur dit toe te pas op die wêreldwye pandemie wat in die prent hierbo uitgebeeld word. (3)

**5.2 Jy is deur die WHO aangestel as die organisasie se grafiese ontwerper. Jou taak is om 'n informatiewe bewusmakingsplakkaat te skep wat wêreldwyd gebruik kan word in alle gesondheidsinstellings en openbare plekke om by te dra tot die bewusmaking oor die voorsorgmaatreëls wat gevolg kan word om verspreiding van Covid-19 te bekamp.**

**Die taak is aan jou gegee om die ontwerp te doen deur so min as moontlik teks te gebruik en eerder te fokus op visuele uiteensetting van die voorsorgmaatreëls, sodat dit reg oor die wêreld verstaan en gebruik kan word. Jy moet ten minste 4 van die maatreëls so kreatief as moontlik probeer uitbeeld.**

Gebruik een volledige A4 bladsy om jou ontwerp aan die bestuur en bemarkingsraad van die WHO voor te lê, sodat hulle dit kan goedkeur of afkeur. Indien dit geodgekeur word, sal jou ontwerp wêreldwyd gebruik word vir bewusmaking oor die virus. (5)

5.3 Die volgende geel kaart / reisdokument word deur sommige lande vanaf toeriste vereis voor hul toegelaat sal word om internasionaal te mag reis. Verduidelik vir Hugo wat hierdie dokument genoem word en hoekom hierdie dokument belangrik is tydens internasionale reise. (2)




5.4 Mia het die volgende besigheid / kliniek se naambord langs die pad gesien. Verduidelik vir haar wat die rol van hierdie soort klinieke is, sodat dit duidelik is wat die verskil tussen dié klinieke en gewone klinieke is. (2)




5.5 Vergelyk die twee verskillende soorte inentings deur gebruik te maak van 'n vergelykende tabel, sodat die verskil daarvan duidelik is.

| Aanbevole inenting | Verpligte inenting |
|---|---|
| | |

(4)

**VRAAG 6 (13)**

**Toepassing van Toer- en roetebepanning tesame met begroting van 'n reis**

**Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.**

Elmané en Aneri gaan vir die Desember vakansie na Europa reis vanaf 14 Des 2022 tot in die nuwe jaar. Hulle gaan saam met 'n ander groep toeriste die reis onderneem, aangesien dit hul eerste keer in hierde vreemde kontinent sal wees. Dit maak dit vir hulle soveel makliker aangesien hulle nie hoef te bekommer oor al die besprekings en detail van die reis nie, aangesien die reisagent alles namens hulle reël en daar word net van hulle verwag om 'n eenmalige bedrag vir die pakket te betaal wat vervoer en maaltye insluit.

Hulle sal moet begroot vir aktiwiteite wat hulle is Europa gaan geniet. Aktiwiteite in die bykomende toeriste profiel sluit verskeie aktiwiteite en belewenisse in.

Skakel die finale bedrag vir die dag om in Rand as die wisselkoers vir een Euro R15,97 is.

Dag twee van die reisprogram moet uit die volgende idees in die collage opgestel word. Gebruik dit ter beantwoording van vraag 6.3. Gebruik Addendum A vir addisionele inligting oor die aktiwiteite






**PARYS SE EIE KOETSRITTE**






**Hôtel Eiffel Turenne**

7th arr., Paris

Hotel Eiffel Turenne is 1 km vanaf die Eiffeltoring geleë en beskik oor 'n kroeg, gratis wifi in die openbare areas. Lees meer

Gem.prys/nag: ZAR1125

9.0 uitstekend - 1540 resensies

6.1 Watter soort toer sal Elmané en Aneri onderneem? (1)

6.2 Verduidelik waarom 'n bykomende toeriste profiel belangrik is in die geval waar reisagente reise namens toeriste en nagelang hul behoeftes en begeertes saamstel. (1)

6.3 Gebruik die inligting wat verskaf is oor Elmané en Aneri se reisplanne en stel 'n toerplan op vir dag twee van Elmané en Aneri se toer.

Gebruik die tabelformaat soos onder voorsien sodat jy 'n toerplan vir die twee toeriste kan saamstel wat duidelik, informatief, logies en maklik verstaanbaar is.

| Dag en Tyd | Akkommo-dasie | Vervoer | Besiens-waardig-heid | Aktiwiteit | Begroting |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

(8)

**VRAAG 7 (25)**

**Reisdokumente:**

**Bestudeer die volgende prente en voltooi die vrae daarvolgens:**

A




B




C




7.1

| | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Beskrywing van die tipe reisdokument: | | | |
| Waar kan ek dit verkry / daarvoor aansoek doen? | | | |

(6)

7.2 Jy is tans op reis en merk die volgende ikone in ‘n internasionale lughawe op. Gelukkig het jy Toerisme as ‘n skoolvak geneem en verstaan wat by hierdie punte in die lughawe gebeur.

Verduidelik vir jou vriend wat saam met jou reis, wat met hierdie ikone voorgestel word en wat by elk van die punte in die lughawe gaan gebeur. (4)

a) 

b) 

7.3 Kyk na die volgende items wat in verskeie toeriste se bagasie gevind is en bepaal of hy / sy dit sal mag saamneem tydens hul internasionale reis. Verduidelik aan die toeriste waarom jy se hulle dit sal mag / nie mag saamneem nie deur te verwys na die tipe goedere en die beperking daarvan. Antwoord slegs letter b – h.

Voorbeeld:
a) Ja die toeris sal dit mag saamneem – Belastingsvrye goedere✓ alhoewel dit die beperking van 1 liter oorskry, sal die toeris belasting daarop moet betaal ✓

| Voorbeeld: 3 x bottels verskeie Spiritualieë  | a) Vuurwapen  | b) 20 dae voorgeskrewe hartmedikasie  | c) 120ml parfuum  |
|---|---|---|---|

(6)

**Vraag 8 [8]**

**Gebruik die Wêreldtydsonekaart (ADDENDUM B) om jou met die beantwoording van die volgende vrae te help. Gee aandag aan jou metode om berekeninge van alle bewerkings te wys.**

8.1 Mnr. van Aardt bly in Nieu-Seeland en bel om 19:00 vanaf Nieu-Seeland na Suid- Afrika. Bereken die tyd wat sy familie die oproep sal kry. Toon al jou berekeninge. (3)

8.2 ’n Vlug na London verlaat ORTIA op 5 Junie om 21:00. Bereken die tyd en datum van aankoms in London indien die vlug 12 ure lank geduur het. Toon al jou berekeninge. (3)

8.3 Vergelyk die terme “Vlugvoosheid” en “Vluguitputting” om die verskil daarvan duidelik te maak (2)



**TOTAAL: 100**

**ADDENDUM A**

# Le Ballon de Paris

*Parc André Citroën, 75015 Paris* Geleë in die Parc André Citroën, rue de la Montagne de la Fage, is hier 'n onvergeetlike ervaring waarin jy in 'n warmlugballon kan klim en tot 150 meter bokant die dakke van Parys uitstyg. Dit sal jou 'n asemrowende uitsig gee oor die mooiste stad ter wêreld. Hierdie aanbod beloop €35 pp.

# Auteuil Groenhuis Tuine

*3 Avenue de la Porte d’Auteuil, 75016 Paris*


Hierdie historiese tuin, geleë in die Bois de Boulogne, in die 16de Distrik, bring verskillende soorte tuine bymekaar (Frans, Japannees, kontemporêr, Mediterreens) en het sy naam te danke aan die kweekhuise wat dit het. Dit bevat meer as 5500 plantspesies en ook baie dierspesies teen 7 Euros as ‘n toegangsfooi. Hier is alles wat jy nodig het om 'n aangename oomblik in die hartjie van Parys deur te bring.

# Carriage Ride

Laat Disney-prinse en -prinsesse in hul waens jou nogsteeds droom? Of wil jy 'n romantiese en oorspronklike rit hê? Hier is jou kans om jou drome in 'n koets waar te maak: Bespreek 'n koninklike rit in 'n perdekar (1 uur 30 minute) vir slegs €22 per persoon wat deel.



## ADDENDUM B


World Time Zones
Clock times are shown ahead or behind Greenwich Mean Time Ignoring local seasonal time variations
-11 -10 -9 -8 -7 -6 -5 -4 -3 -2 -1 0 +1 +2 +3 +4 +5 +6 +7 +8 +9 +10 +11
180° 150° 120° 90° 60° 30° 0° 30° 60° 90° 120° 150° 180°
60°N
30 N
Tropic of Cancer
Equator
Tropic of Capricorn
30°S
60°S
International Date Line
ALASKA
Anchorage
CANADA
Vancouver
San Francisco
Los Angeles
UNITED STATES OF AMERICA
Dallas
Ottawa
New York
Washington
Miami
MEXICO
Mexico City
GREENLAND
ICELAND
UNITED KINGDOM
London
FRANCE
Paris
SPAIN
Madrid
Oslo
Berlin
EUROPE
Rome
Athens
Moscow
Algiers
Cairo
Baghdad
Riyadh
Tehran
AFRICA
Lagos
Addis Ababa
Nairobi
Johannesburg
Cape Town
SOUTH AMERICA
Lima
Brasilia
Rio de Janeiro
Santiago
Buenos Aires
ATLANTIC OCEAN
PACIFIC OCEAN
INDIAN OCEAN
ASIA
CHINA
Beijing
INDIA
Delhi
Mumbai
Bangkok
Hong Kong
Jakarta
JAPAN
Tokyo
AUSTRALIA
Perth
Adelaide
Melbourne
Sydney
NEW ZEALAND